# REDENAARS – KRITERIA VIR BEOORDELING

| Sleutelwoorde | Uitsonderlik (20 – 19) | Uitstekend (18 – 17) | Baie Goed (16 – 15) | Goed (14 – 13) | Redelik Goed (12 -11) | Gemiddeld (10 – 9) | Onder Gemiddeld (8 – 7) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Inhoud kreatiwiteit & Innovasie **(20 punte)** | Hoogs oorspronklik, verbeeldingryk en kreatief **(20 – 19)** | Oorspronklik en kreatief **(18 – 17)** | Interressant **(16 – 15)** | Interressant maar voorspelbaar **(14 – 13)** | Voorspelbaar **(12 -11)** | Minimale poging tot kreatiwiteit **(10 – 9)** | Geen kreatiwiteit **(8 – 7)** |
| 2. Inhoud – Diepte van denke, onderwerp insig, algemene kennis **(20 punte)** | Logiese en dieper denke ten toon gestel in die interpretasie van die onderwerp deeglik ontgin, bewyse staaf standpunte, bogemiddelde onderwerp insig en algemene kennis **(20 – 19)** | Onderwerp deeglik ontgin, bewyse staaf standpunte, algemene kennis bewese **(18 – 17)** | Diepte van denke ietwat oppervlakkig, voorbeelde en bewyse verskaf, eie idees duidelik **(16 – 15)** | Min poging om die onderwerp te interpreteer en diepte by te voeg, bewyse voorsien, maar nie deurlopend goed gebruik, goeie inkorporasie van eie idees. **(14 – 13)** | Geen poging aangewend om dit te interpreteer of betekenisvol te maak nie, baie min bewyse of baie voorbeelde sonder om die gebruik daarvan te staaf, waninterpretasie van onderwerp, eie idees plek-plek benut **(12 – 11)** | Geen diepgaande denke nie, onderwerp skaars ontgin, voorbeelde / bewyse aangehaal, maar nie benut om die argument te ondersteun nie, onderwerp verkeerd verstaan; eie idees selde benut **(10 – 9)** | Denke is oppervlakkig, voorbeelde onvanpas of nie effektief gebruik nie, onderwerp verkeerd verstaan **(8 – 7)** |
| 3. Inhoud – Logika, struktuur & argumentering **(20 punte)** | Logiese integrasie van idees, duidelike fokus, uitmuntende struktuur, duidelike argument wat genoegsaam deur feite en voorbeelde gestaaf word **(20 – 19)** | Logiese integrasie van idees, duidelike fokus, goeie struktuur, argument duidelik en gestaaf deur feite en voorbeelde **(18 – 17)** | Idees goed georganiseer, bewys van logika, fokus en struktuur.Beredeneerd, maar nie deurlopend oortuigend ondersteun deur feite en voor-belde nie **(16 – 15)** | Ruimte om logiese beredenering te verbeter, sekere strukturele foute, deurlopende fokus nie altyd duidelik, poging tot beredenering maar nie heeltemal oortuigend **(14 – 13)** | Heelwat probleme met logika en struktuur boodskap skiet tekort in fokus, argument onoortuigend en nie effektief nie **(12 – 11)** | Struktuur verdien meer aandag, min fokus, beredenering vaag/afwesig **(10 – 9)** | Afwesigheid van logika en struktuur, totale afwesigheid van beredenering, geen navorsing/feite, toespraak bloot gegrond op eie opinie **(8 – 7)** |
| 4. Oordrag – stemgebruik & Styl **(20 punte)** | Stemgebruik baie goed bemeester en word doeltreffend aangewend vir impak Hoogs oortuigend, betekenisvol, welsprekend **(20 – 19)** | Baie goeie stemgebruik, ondersteun inhoud Oortuigend, betekenisvol, welsprekend, outoritatief **(18 – 17)** | Stemgebruik oor die algemeen goed en poging om impak te maak is duidelik Is oortuigend, betekenisvol, welsprekend en outoritatief, maar neig tot prekerigheid en aangeplaktheid **(16 – 15)** | Hoewel poging aangewend is om stem te gebruik, is dit nie deurlopend suksesvol nie. Mag oortuigend, betekenisvol en welsprekend outoritatief klink, maar neig tot prekerigheid en aangeplaktheid **(14 – 13)** | Stemgebruik oneffektief, dra nie by tot impak nie Nie deurlopend oortuigend nie, betekenisvol, welsprekend. Neig tot outoriteit en hoogdrawendheid **(12 – 11)** | Oneffektiewe stemgebruik, min/geen impak Min/geen poging tot oortuiging. Is betekenisloos, neig tot prekerigheid en kan aanstoot gee **(10 – 9)** | Oneffektiewe stemgeburik, min/geen impak Geen poging om te oortuig, nie betekenisvol nie, is prekerig en hoogdrawend en kan aanstoot gee **(8 – 7)** |
| 5. Oordrag – gehoorkontak & kommunikasie **(20 punte)** | Notas doeltreffend gebruik, praat direk met die gehoor met algehele toegewydheid, opregtheid, oortuiging en spontaniteit Uiters oortuigend, innemend, boodskap hoogs suksesvol oorgedra **(20 – 19)** | Notas doeltreffend gebruik, oorgedra met toewyding, opregtheid en spontaniteit Oortuigend, innemend, boodskap suksesvol oorgedra **(18 – 17)** | Goeie gebruik van notas, baie goeie pogings tot opregtheid, toewyding, oortuiging en spontaniteit – hoewel die kenmerke nie deurlopend oortuigend is. Oortuigende boodskap oorgedra **(16 – 15)** | Notas voldoende gebruik, goeie poging tot opregtheid, toewyding en spontaniteit, hoewel dit nie altyd oortuig nie. Oor die algemeen oortuigend, boodskap goed oorgedra **(14 – 13)** | Notas nie goed gebruik, toespraak afgelees, pogings tot opregtheid en spontaniteit – hoewel dit nie deurlopend deurgetrek word nie, neig tot voordrag. Oortuigend met tye, boodskap voldoende oorgedra **(12 – 11)** | Notas nie goed gebruik, toespraak afgelees, tekort aan pogings tot opregtheid, toewyding, oortuiging en spontaniteit. Nie deurlopend oortuigend tog word boodskap oorgedra **(10 – 9)** | Swak gebruik van notas, toespraak afgelees, geen poging tot opregtheid, toewyding of oortuiging Oortuig glad nie, boodskap ondoeltreffend oorgedra **(8 – 7)** |